Alpha
Profiel

Errol se naam is in die grootes se telefoonboekies

ERROL Arendz se naam is sinoniem met hoog-mode. As een van die land se voorste mode-ontwerpers het hy homself gevestig as die ontwerper met die 'Europese' uitgangspunt en vir homself 'n kliëntegroep opgebou wat hy sonder om te blik of bloos van die Europese mark afgerokkel het.

Die Europese aanvoeling het hy ontwikkel toe hy as agtienjarige vir twee jaar London en Parys toe gevlieg het. Hier het hy met 'n bietjie geluk in die 'regte' kringe beland en is hy vir twee jaar deur die 'jet-set' gemeenskap opgeraap. Hy het tyd gehad om die modes van die werklike rykes te bestudeer en toe hy homself weer in Suid-Afrika vestig besluit om hierdie kennis terug te ploeg.

Die sprokiesverhaal van sy sukses gaan verder toe hy na twee maande in die besigheid, genader is om die ontwerpe te doen vir 'n groot tydskrif se bekendstelling van die bekende Maharani Hotel in Durban. Sy modes was die volgende week op voorblaaie dwarsoor die land en die koors vir sy modes in al die groot Suid-Afrikaanse tydskrifte het na sewe jaar nog nie gesak nie.

Maar selfs sprokiesverhale het 'n storie agter die sprokie. Dit is harde werk om bo uit te kom en dan daar te bly. Errol se besigheid het uitgebrei en vandag sit hy met 'n elegante modehuis in die middestad van Kaapstad. Kliënte vlieg van sover as Windhoek vir 'n besondere uitrusting.

Selfs die algemene publiek wat nie te veel van die modewêreld weet nie is van hom bewus uit skeppings vir vyf Mejj. Suid-Afrika se uitrustings vir die finale rondtes van die Mej. Heelal Kompetisie. Hy het vir bekendes sooš Priscilla Presley en Linda Grey (van Dallas faam) klere ontwerp. Plaaslik dra vroue soos Annaline Kriel en Barbara Barnard sy skeppings.

As erkenning vir sy groot bydrae tot die mode-ontwerpkuns in Suid-Afrika, is Errol verlede jaar met die COTY-toekenning vereer en vanjaar met die gesogde CARTIER-toekenning.